**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 12 FEBRUARIE 2023**

# SESDE SONDAG NÁ EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Opvoeding en Onderwys***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 17:1-9; Eksodus 24:12-18;**
**Psalm 2 of Psalm 99; 2 Petrus 1:16-21**

| SONDAG, 12 FEBRUARIE | |
|---|---|
| | BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS |
| 09:00 | Oggenddiens: Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: Hugenote Kollege<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| Geen | Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 13 FEBRUARIE** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 14 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| 19:00 | Eiendomme Kommissie vergadering |
| **WOENSDAG, 15 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 10:45 | Fondse Kommissie vergadering |
| 19:00 | Erediens en Aanbidding Kommissie vergadering |
| **DONDERDAG, 16 FEBRUARIE** | |
| 19:00 | Getuienis Aksie Kommissie vergadering<br>Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Charlene Botes, Luci Mulder, Christine Myburgh, Helene Steenkamp |

| VRYDAG, 17 FEBRUARIE | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 18 FEBRUARIE** | |
| | |
| **SONDAG, 19 FEBRUARIE** | |
| 09:00 | Oggenddiens<br>NAGMAAL<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente-ondersteuningsfonds<br>Erediensspan 4 – Neels Kruger & 1 – Chris van Niekerk |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| Geen | Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Hentie en Sarie Dippenaar (Sangirostraat) het oupa en ouma geword.
2. Blake Booysen (Steenbokstraat), seun van Johene de Reuck, is vanjaar Bellville Primêr se hoofseun.
3. Hennie van Zyl (Klaradyn) is baie siek in die intensiewe sorg van die hospitaal.
4. ‘n Troosdiens is Donderdag vir Susan Koen (van Aardestraat) gehou.
5. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Tina en Lize Theron vanaf Kuilsrivier-Suid



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lizette Wilson is vanoggend ons orrelis.
2. Vakante pos by Sinodale kantoor in Bellville vir ‘n **MULTI-MEDIA INHOUDSKEPPER**. Vir meer inligting sien kennisgewingbord of kontak kerkkantoor.
3. Proteahoogte Gholfdag op Vrydag 3 Maart 2023. Sien kennisgewingbord vir volledige inligting.
4. Vakante pos by Sinodale kantoor in Bellville vir ‘n **REKENKUNDIGE BEAMPTE**. Vir meer inligting sien kennisgewingbord of kontak kerkkantoor.
5. Bellville-Riebeeck hou ‘n potjiekosdag op Saterdag 25 Februarie 2023. Sien kennisgewingbord vir volledige inligting.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Hugenote Kollege**

Die Hugenote Kollege is die NG Kerk se eie universiteit wat as 'n privaat opleidingsinstansie studente vanuit die Christelike geloof en waardestelsel oplei om maatskaplike- en kerklike dienswerk te kan beoefen. Die gebeure rondom die Covid-19 pandemie het net weer onderstreep hoe belangrik die kerk se maatskaplike werk en dienslewering is, en hoe noodsaaklik dit is om goed opgeleide persone te kan verskaf wat diens lewer in kinderhuise, ouetehuise en wat berading kan doen. Dit gebeur veral deur Hugenote Kollege se Skool vir Maatskaplike Hervorming. Die volgende kwalifikasies word aangebied: B-graad in Maatskaplike Werk, Beroepsertifikaat in Kinder- en Jeugsorgwerk, Nasionale Diploma in Vroeë Kindontwikkeling en Sertifikate in Maatskaplike Hulpwerk en Gemeenskapsontwikkeling.


Hugenote Kollege lei ook predikante en kerkplanters op. Ons lewer 'n groot bydrae om diensleraars vir die NG Kerk op te lei. Dit geskied in die skool vir Teologie en Bediening: BTh-graad in Missionale Bediening, Beroepsertifikaat in Teologie en Bediening, Sertifikaat vir Pionierleiers en Sertifikaat vir Pionier Spanlede. Hugenote Kollege bied ook Voortgesette Teologiese Opleiding saam met ander instellings in die NG Kerk aan. Dit is uiters belangrik dat die kerk as deel van ons missionale kerkwees 'n bydrae lewer om gemeenskappe op te hef en plaaslike omstandighede te verbeter. Die Skool vir Sosiale Innovasie speel 'n groot rol met uitvoerende professionele kortkursusse.

Die Kollege bied ook 'n verskeidenheid kortkursusse aan vir gemeentes en lidmate wat hulle kan help om hulle dienswerk in die Koninkryk van God nog beter te kan doen.

Rektor (prof Nelus Niemandt) | 021 873 1181 | bestuur@hugenote.com
Webwerf: https://hugenote.com

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

12/02 Rena Conradie, Johan Loubser(92), Graham O'Leary
13/02 Marie Wilders, Nelia Liebenberg, Clive Hunter, Chris Neethling, Johene de Reuck
14/02 Anne Williams(84), Christel Esterhuyse, Benita Groenewald, Lindy Hall, Albie van der Merwe, Ethan Albrecht, Ettienne Roux, René Arendse
15/02 Hanlie Roos, Johanette Louw, Ronel Oosthuizen, Jan van der Merwe, Graham Moolman, Marlize Saayman
16/02 Freddie van Dorp, Marihana Matthee, Paul van der Merwe, Alet Wassüng, Jacomina Swart
17/02 Lynette Haynes, Albert Andrews, Carlo Esterhuyse, André Marais, Gerhardus Theron, Dirk Walters(81), Tilanie Wassüng, Jacques Erasmus, Loedolf Smuts, Shaun van Zyl, Hanlo Engels
18/02 Stefanie Engelbrecht, Dewald Osborn



# DE EIKE KOSMANDJIE

DIE KOSMANDJIE - projek van die Getuienisaksie

**Bring iets saam kerk toe;** melk, tee, spaghetti, blikkies tamatie, vrugte of konfyt - *dis wat nodig is!*

**Maak 'n bydrae gemerk KOSMANDJIE**; dit help om voorraad aan te vul.

*Dankie vir jou omgee en ondersteuning!*

*Groetnis*
*DIE KOSMANDJIE*

# KLERE & VERE

Dankie vir jou bydraes! Hou asseblief aan om jou ou klere, skoene, linne en speelgoed vir ons te bring - iemand het dit nodig.

Hierdie aksie kon vanjaar reeds goeie skenkings maak aan Green Park, Huis De Kuilen, Nuwerus, 'n paar kinders en 'n paar plaaswerkers.

Groetnis
2 Vere

# BASAAR

Ons basaar is vanjaar 3 Junie. Ons wil graag vroegtydig begin sodat ons gereed kan wees as die GROOT dag op ons gemeente kalender aanbreek. Ons konvenors het op Dinsdag 21 Februarie om 19:00 ons eerste vergadering. Ongelukkig kan al die konvenors van verlede jaar nie vanjaar weer die leisels neem nie. Ons soek konvenors vir die volgende “tafels”.

Pannekoek

Groente

Melkkos

Boeppensbroodjies

Ek wil graag vir jou 2 dinge vra. Die eerste is dat jy die basaar op jou gebedslys sal plaas. Bid ook asseblief dat die Here nuwe konvernors sal voorsien. Die tweede is dat jy by die Here sal hoor of Hy nie vir jou roep om by een van bogenoemde “tafels” konvenor sal wees nie?

Johan Morkel
0833988345

# DE EIKE GHOLFDAG

Ons hou jaarliks 'n geborgde gholfdag om fondse in te samel. Hierdie is 'n baie gewilde geleentheid by die gholfspelers. Dit word vanjaar weer op 18 Februarie 2023 by Jan Kriel Gholfklub aangebied.

Jy kan op die volgende maniere 'n bydrae maak:

- 'n Kontantdonasie van jou keuse. Betaal in by kerkkantoor of doen ‘n EFT
- 'n Prys skenk. Kontak vir Hennie Rootman by 082 4444 046

Bankbesonderhede vir EFT
ABSA BANK – takkode 632005
Tjekrekening nommer 3010 59 0069
Verwysing: Gholfdag + naam
E-pos bewys van betaling na ngkeike@cybersmart.co.za

# GEMEENTETEE NA EREDIENS

Almal word hartlik uitgenooi om na die erediens tee en koffie te geniet in die saal. Kom ons gebruik hierdie geleentheid om heerlik saam te kuier.

Baie dankie aan Carina en haar span helpers!

# PREEKSKETS

**TEMA – 'n TOTAAL ANDERSOORTIGE LEWENSWYSE**



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Matteus 5:38-48

Heeldag hoor ons wat “die mense sê”.
- Nou kon sê Jesus egter oor en oor: "Maar *Ek* sê…"
- En dis dikwels die direk teenoorgestelde van wat die mense sê!
- Jy kan nie ‘n dissipel van Jesus wees, en jou ore uitleen nie.

1. **Die grondwet van die Koninkryk**
   - Hoe lyk 'n dissipel? Soos "kinders van ons Vader in die hemel" sê Hy in vers 45.
   - Hulle is anders. Hulle vertoon *Jesus* se styl...
   - En hoe lyk Jesus se styl? Jesus praat eintlik min hier oor *godsdiens*.
   - Jesus se styl het te doen met *menseverhoudinge*.
   - Dis wat wys of jy regtig sy dissipel is, of self in beheer van jou lewe is.

2. **Ongelukkig het ons ook al baie gehoor hieroor**:
   - Ongelukkig hoor ons van kleins af baie dinge wat "die mense sê".
   - Dit was ook so in Jesus se tyd!
   - En toe kom keer Jesus alles op sy kop om.

3. **Wat sê dit vandag vir ons?**
   - Dissipels van Jesus *het nie ‘n keuse nie*.
   - Ook jy moet lewe soos Jesus se dissipel!
   - Mense moet verstom staan oor jou reaksie.
   - Kyk, Jesus vra hier 'n geweldige ding: "wees dan volmaak".
   - Om tevrede te wees met tweede beste, is nooit ‘n opsie nie.